# NOTULE

Ledevergadering gehou te Impala Klubhuis
Members meeting held at the Impala Club House
On/op **6 Augustus 2019 om 18:00**

PIETERSBURG PIETERSBURG

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING / STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for Discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.1** | Opening en verwelkoming / Opening and welcoming<br>Voorsitter verwelkom almal teen woordig en Johan Kapp open en gebed. | Voorsitter |
| **1.2** | Voorlees van Doelstellings<br>Nie voorgehou, lede word herinner dat dit wel op ons webblad beskikbaar is. | |
| **1.3** | Verskonings / Apologies<br>Moet aangeteken word op die amptelike presensie lys [blou lys]. | Almal |
| **1.4** | Presensielys / Attendance List<br>Sirkuleer | Almal |
| **1.5** | Mosies / Motions<br>1.5.1 Baie geluk aan Dr Campher en gesin met die aankoms van hul kleinkind.<br>1.5.2 Terugvoer ontvang dui aan dat dit goed gaan met Braam Els na sy rug operasie. | Almal |
| **1.6** | Korrespondensie / Correspondence<br>1.6.1 SAGA Snippets: baie dankie Stephan dat jy dit so gereeld vir ons deurgee. Lede word aangeraai om hierdie inligting deur te gaan aangesien dit enn en elk van ons raak. | |
| **1.7** | Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting<br>1.7.1 Notule 9 Julie 2019 / Minutes 9 Jule 2019<br>1.7.2 Regstellings: vorige notule / Corrections: previous minutes<br>Daar word van lede verwag om enige korreksies per e-pos aan die Voorsitter deur te gee aangesien die notule nie voorgehou en gelees gaan word tydens maand vergaderings nie.<br>1.7.3 Voorstel vir goedkeuring / Proposed for approval<br>Deon Liebenberg<br>1.7.4 Gesekondeer / Seconded<br>Stan Rodgers | |

| | | |
|---|---|---|
| **1.8** | Vasstelling van die sakelys – nuwe sake vir bespreking<br>1.8.1 Vuurwapen lisensie hernuwings<br>Staande item, waar lede herinner word aan hulle verantwoordelikheid om betyds aansoek te edoen vir hernuwings.<br><br>Daar was navrae van die teenwoordig oor die moontlikheid om n brief aan die DFO te stuur om hulle te bedank vir hul diens.<br><br>1.8.2 Vuurwapen bevoegdheid hernuwings<br>In lyn met 1.8.1<br><br>1.8.3 Rondomtalie 2019<br>Reelings vorder fluks. Ons het al n aantal pryse bekom. Ongelukkig nie die aantal wat ons anavanklik beoog het nie, dus sal ons noodgedwonge moet herbesin oor die kategorie wenners.<br>Ons benodig heelwat hulp in terme van die inskrywings tafel en baan offisiere. Laat weet asb die Voorsitter indien julle beskikbaar sou wees hiervoor.<br><br>1.8.4 Rondomtalie 2020<br>Die moontlikheid word ondersoek om hierdie skietdag in n vennootskap met n handelaar aan te bied. Hierdie handelaar sal dan die hoofborg wees vir die Rondomtalie. Details rondom dit sal met belangstellendes bespreek word en terugvoer sal aan die tak tydens n maand vergadering gegee word.<br><br>1.8.5 50-jarige fees 17 Augustus 2019<br>Ons benodig dringend not baan offisiere om uit te help. Daar gaan 5 skiet dissiplines aangebied word: (i) ghonge, (ii) .22LR, (iii) handwapen, (iv) haelgeweeer, en (v) big bore. | |
| **1.9** | Sake voortspruitend / Matters arising<br>1.9.1 Skietbaan<br>Daar is kennisgewings borde op om aan te dui dat van die bane nie vir publieke gebruik beskikbaar is nie. Hierdie bane word geoormerk vir klub skietdae. BJV lede word versoek om hulle samewerking te gee rakende hierdie aspek. Praat direk met Billy indien jou skietbehoeftes van so n aard is dat jy elders moet skiet.<br><br>1.9.2 Nuwe lede – Goedkeurings<br>Geen ontvang. | |

| | | |
|---|---|---|
| **1.10** | Opleidingsverslag / Training report<br>1.10.1 Chasa kursus<br>Geen inligting ontvang.<br><br>1.10.2 Junior Opleiding<br>Geen inligting ontvang.<br><br>1.10.3 Baan beampte opleiding<br>Die kursus van 2-3 Augustus is gekanselleer weens die swak belangstelling. | Stan |
| **1.11** | Toegewyde jagters en Sportskuts/ Dedicated hunters and Sport shooters<br>1.11.1 Algemeen<br>Die skuts word herinner dat hulle primer verantwoordelik is om toe te sien dat hulle rekords op datum is.<br><br>1.11.2 Nuwe goedkeurings<br>Geen ontvang. | |
| **1.12** | Finansiële verslag / Financial report<br>Deur Ben voorgehou. | Tesourier / Treasurer |
| **1.13** | Sosiaal<br>1.13.1 Algemeen<br>Oudergewoonte dra die tak R40/persoon by tot jou ete uitgawe. | Sosiaal |
| **1.14** | Skietdae<br>1.14.1 20 Julie 2019<br>Terugvoer ontvang was baie positief. Getal skuts was aan die lae kant, maar dit was te wagte aangesien groot getalle van ons lede nog jag hierdie tyd van die jaar. Baie dankie aan Thomas Grobler en sy gesin wat die dag vir ons waargeneem het.<br><br>In die algemeen is dit belangrik dat lede ag slaan op die volgende. As daar tydens enige skietdag nie genoeg baan offisiere is nie gaan dit noodwendig n impak he op wat op die betrokke dag aangebied gaan word. Die onus berus by die hoofbeampte van die dag om te besluit hoe die baan offisiere gebruik gaan word ten einde n veilige skietdag aan te bied.<br><br>1.14.2 17 Augusus 2019<br>Dis nie n tak skiet nie, maar ons 50-jarige skietdag is onder die beheer van Uitvoerend. Lede word aangenoedig om te kom deelneem. Heelwat e-posse doen die rondte met inligting rakende inskrywings gelde en dies meer. | |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING / NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for Discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 2.1 | | |
| 2.2 | | |
| 2.3 | | |

## 3. ALGEMEEN / GENERAL

| No | Besprekingspunt / Point for Discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 3.1 | | |
| 3.2 | | |
| 3.3 | | |
| 3.4 | | |

## 4. Volgende vergadering.
## Next meeting.

10 September 2019 om 18:00 by die klubhuis.

## 5. Afsluiting/Closing